Laat ons ons vir 'n oomblikkie besig hou met die veldtog van verlede jaar. Dit was 'n grootse prestasie. Ek het 'die verslag van die Divisie Tesourier hier by my, en dit toon dat daar altesame £7,140-14-10 ingehandig was. Dink net daaraan! Daar was 'n surplus van £1,140-14-10! Was dit nie gaaf nie? Ek sou so dink! Dit het ons grootliks verbly. Hierdie som sal ons vinnig uitbreidende werk — medies sowel as opvoedkundig — baie help. Laat my u verseker dat ons u hulp baie waardeer.

Laat ons nou ons aandag skenk aan die 1936 veldtog. Wat sal ons hierdie jaar presteer? Wel, dis miskien 'n bietjie moeilik om op hierdie tydstip 'n voorspelling te maak. Ons het egter genoeg geloof om te verwag dat daar, na die veldtog afgehoop is, weer 'n heerlike oorwinning sal wees vir Prins Emmanuel. Dit hoef, en sal ook nie anders wees nie, dis ek van seker.

Ek weet natuurlik dat dit moed kos om aan so 'n veldtog deel te neem. En nog meer, dit verg goeie, harde, volhardende werk — dit kan nie betwis word nie. Maar as ons weer aan die anderkant dink aan die belangrike plek wat die jaarlikse Oesinsameling in ons werk inneem, dan kan ons nie anders as bemoedig wees om te volhard sodat die veldtog alles kan wees wat die Here wil hê in verband met ons vinnig uitbreidende werk nie. Ja laat my herhaal dat as ons daaraan dink hoe die Oesinsameling help om fondse in te bring om in die baie behoeftes van ons sendingwerk te voorsien, dan kry ons moed om die taak weer opnuut aan te pak, al mag dit vir baie swaar werk beteken.

Broeder F. E. Potter en sy medewerkers het alles in hul vermoë gedoen om die beste boekie uit te gee wat ons nog ooit gehad het. Dis 'n boekie wat die hart van die publiek sal raak en resultate sal lewer. Ons hoef ons nie daarvoor te skaam nie. Dit, met 'n goedgeorganiseerde veldtog, behoort sukses te bring. Die werkers hier op die Divisiekantore is van plan om hulle deel by te dra om die veldtog hierdie jaar 'n skitterende onderneming te maak. Die jaar 1936 behoort dus 'n puikjaar te wees. Die medewerking van almal om die veldtog 'n sukses te maak sal grootliks op prys gestel word deur die Divisiekomitee.



## My Insamelingsboodskap

F. E. POTTER

MET die sukses van die 1935 Veldtog nog vars in my geheue, kan ek met verligting aan die veld skrywe op die vooraand van die aanstaande veldtog.

Ek is oortuig dat die gees van 1935 weer ons mense sal besiel, en daarom voel ek nie dat dit nodig is om 'n pleidooi te lewer vir die aanstaande veldtog nie.

Ek voel seker dat 'n groter persentasie van ons mense hulleself hierdie jaar vir diens sal aanmeld as verlede jaar, en dat hulle net so ywerig en volhardend sal wees.

Vir die ou krygers is die reuk van kruit soos wierook en ek is baie spyt dat ek, nadat ek aan elf veldtogte deelgeneem het, nie die vreugde van die aanstaande veldtog met u sal kan deel nie. Maar u kan egter daarvan seker wees dat ek u vordering in hierdie veldtog met groot belangstelling sal volg en my sal verbly in u sukses. Ek sal u ook daeliks voor die genadetroon in my gebede gedenk.

Die Divisie sal u voorsien van die beste materiaal, en voorrade sal u in goeie tyd bereik. U het goeie en betroubare leiers in u verskillende velde, wat u sal besiel en lei. Sukses is alreeds vir u verseker my broeder en suster, en sal binne ses weke 'n werklikheid wees; en ook julle, die jeugdige strydery van die Strewers leer, moet net vol moed wees en die land binnetrek.

Ek glo van alle harte dat u dit vir die Meester sal doen, en met hierdie vertroostende gedagte laat ek die veldtog aan u oor. Mag die selfverloëning, die moed en die liefde van Jesus van Nasaret beide u besieling en u krag wees.



## Vreugde in Diens

L. A. VIXIE

HOEWEL ons aan dieselfde kerk behoort, dieselfde God dien en dieselfde Sabbatskool bywoon, verskil ons tog baie van mekaar. Sommige erken rondborstig dat hulle glorie van Oesinsameling hou nie; andere neem dit soos dit kom; en nog andere hou nogal daarvan. Val u miskien onder die eerste twee klasse? Indien ja, waarom trag u nie om in die derde klas te kom nie? Die ondervinding leer ons dat daar dinge is wat ons eers gehaat het maar later leer liefkry. Die Bybel staaf dit ook. As die hart verander is kry ons 'n ander uitkyk op die lewe. Die mens kan leer om die ding lief te kry wat hy eers gehaat het. In die alledaagse lewe sien ons voorbeelde hiervan. 'n Seuntjie mag nie daarvan hou om sy gesig te was nie, maar later sien hy die nut daarvan in. Kinders mag in die begin nie van spinasie hou nie, maar as hulle ouer word begin hulle daarvan te hou. En so ook in die lewe sal ons dinge waarvan ons eers nie gehou het nie, begin op prys stel totdat dit later aan ons vreugde verskaf. Dit is die regte opvoeding en goedmoedstoestand wat die verskil maak.

Ja, dis moontlik om te leer om van Oesinsameling te hou. Andere het, en u kan ook as u gewillig is. Eerstens moet u besluit dat u daarvan gaan hou. Tweedens moet u uself oefen deur daaraan deel te neem. Om te besluit is die moeilikste, dog die noodsaaklikste. Om uself te oortuig moet u die volgende feite baie ernstig oorweeg:

1. Die taak om die derde engel se boodskap aan die ganse wêreld te verkondig in hierdie geslag is gedeeltelik afhanklik van geld wat gedurende die Oesinsamelingsveld-

tog ingesamel word. Hoe meer middele ons insamel hoe gouer kan ons die heidenwêreld waarsku.

2. Die Oesinsamelingsboekie bevat 'n tydlike boodskap vir die publiek. Uit ondervinding wat ons in die verlede opgedoen het weet ons dat baie die boodskap aangeneem het deur die boekies te lees. Om die boekie aan mense te gee is op sigself goeie sendingwerk.

3. Die werkende kerklid is 'n lewende, groeiende lid. Daar is geen beter manier om onverskilligheid en louheid te verdryf as om besig te wees in aktiewe diens nie.

4. Ons kan help om die koms van die Here te verhaas deur aan hierdie veldtog deel te neem. En aan die anderkant, kan ons Sy koms vertraag deur ons pligte te versuim.

„As elke krygsman van Christus sy plig gedoen het; as elke wagter op Sions muur getrou gewees het, dan sou die wêreld lankal die waarskuwende boodskap gehoor het. Maar die werk is jare agter. Terwyl die mense geslaap het, het Satan gewerk.” Broeders en susters ons moenie die koms van die Here langer vertraag deur ledigheid nie, maar laat ons ons uiterste doen terwyl dit nog dag is, want die nag kom wanneer niemand kan werk nie.



## Die Insameling van die Oes

J. R. CAMPBELL

„OESINSAMELING” laat ons dink aan daardie gelukkige tyd van die jaar wanneer die lanbouer die vrugte van sy arbeid, waarvoor hy so lank gewag het, insamel. As dit 'n goeie jaar was dan is dit 'n tyd van vreugde en blydschap, want daar is nou weer in sy behoeftes en die van sy geliefdes vir 'n ander jaar voorsien.

Maar die „Oesinsameling” waaraan ons nou dink bring nie altyd die vreugde wat daar by die gewone oesinsameling ondervind word nie — ek praat van ondervinding. Maar, na alles gesê is, is dit iets om te vrees of voor bang te wees? Behoort ons nie dankbaar te wees om daaraan deel te hê nie? Want is dit nie 'n liefdediens nie, en bring dit nie lewe en hoop soos die gewone insameling nie?

„Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. Die Here wat ons liefhet het ons deur Mev. White gesê dat „Oesinsameling” die goedkeuring van die hemel wegdra, en daarom sal die Here diegene seën wat in Sy naam uitgaan. Liefde vir siele, n.l., ons medemens, sal ons dwing om te gaan. Dink net aan die duisende ponde wat reeds ingesamel is, en dink aan die lydendes wat gehelp is deur ons apteke en hospitale; en andere wat verlig is met die waarheid as gevolg van die middele wat ingesamel is. En dink aan die goed wat nog uitgerig sal word deur die oesinsamelingsfondse as u getrou u deel doen.

As ons hieraan dink sal baie van die

vrees wat ons het verdwyn, want dit is die liefde van God wat ons geloof gee om vir Hom en ons medemens te arbei.

Hoeveel makliker sal die oesinsameling nie wees as almal hul deel doen nie! Mens het meer moed as almal saamstaan, en die doel wat so onbereikbaar skyn sal gou bereik word as almal hartlik saamwerk. Hoe gou samedel die boer nie sy oes in as hy genoeg hulp het nie; maar as hy alles self moet doen dan lyk dit 'n onmoontlike taak en daar is geen vreugde nie.

In die verlede het die Here ons wonderbaarlike sukses gegee. Droogtes en die depressie het die boere baie geaffekteer; maar ons Oesinsamelingsveldtog was nie daardeur geraak nie—„Dit het van die Here gekom; dit is wonderlik in ons oë.”

Verlede jaar was vir die Suid-Afrikaanse Sendingveld 'n puikjaar. Die natuurlike lede het £438 ingesamel. Dit was nie 'n maklike taak nie, want die som was opgemaak deur klein bedraggies, die meerderheid waarvan pennies was. Hoewel dit 'n moeilike taak was, was dit blymoedig uitgevoer. Mag die Here ons help om die veldtog hierdie jaar met hoop en vertroue aan te pak.



## Meer Deeglikheid en Getrouheid Gedurende 1936

L. S. BILLES

EEN van die bemoedigende trekke van die Adventbeweging is die wyse waarop die offergawes oor die hele wêreld instroom. Sels die armste lede trag om hul bes te doen vir die voleinding van die werk van die Meester. Die opofferinge wat hulle maak is wonderbaarlik en besielend. Dit kom nie daarop aan watter werk ons mense doen nie, maar elke Sabbatdag kom hulle getrou en met gewillige harte gee hulle wat hulle kan. Soms sien ons 'n suster stil haar offergawe in die kollektebordjie plaas, terwyl daar vir 'n oomblik trane in haar oë blink. Sy alleen weet van die opoffering wat dit gekos het. Maar ons wat toeskou kan die wonderlike liefde sien wat daar in haar hart is vir die verkondiging van Gods reddende boodskap. Jesus verseker ons in die verhaal van die arm weduwee dat sulke gifte baie dierbaar is vir Hom.

Hulle bring hul pennies, trippense, siks-pense en sielings. Die ander dag het een tien pond gebring uit die geldjies wat sy opgespaar het. Ek weet hoedat sy haarself tekortgedoen het om hierdie offergawe moontlik te maak. Ek het myself afgevra of ek ook so getrou as sy is. Miskien was ek getrou met betrekking tot my Sabbatskooloffer-gawes, maar was ek in ander opsigte ook getrou? Ek het veral aan die Oesinsamelingsveldtog gedink. Soms het ek in 'n half uur net soveel geld ingesamel as een kerk in 'n hele maand gee. Het ek alles gedaan wat ek in hierdie opsig kon gedoen het? Ek moet erken dat daar nog 'n paar besigheidsplekke in my terrein was wat ek nie besoek het nie. Ek kon 'n bietjie deegliker gewees het. En ek is seker dat my geval nie 'n uitsondering is nie.

Elke werker en elke leek kan miskien aan plekke dink wat hulle oorgeslaan het. As ek daaraan dink dat baie groepe dit maar moeilik vind om sels tien sielings op 'n Sabbat te gee, dan begin ek die groot waarde van Oesinsameling te besef, en dan voel ek dat ek 'n besluit moet neem om gedurende 1936 nog getrouer te wees. Laat ons onthou dat ons, as ons getrou is, in 'n paar weke meer kan insamel as wat ons in 'n hele jaar vir die sending gee.

Laat ons vir 'n oomblik stilstaan en dink wat dit sou beteken as ons lede oor die wêreld almal hul deel getrou sou doen. Dit sou beteken dat byna elke woning en besigheidsplek in die wêreld 'n besoek van 'n Adventis sou ontvang. Vooroordeel sou weggeruim word en die lig sal in duistere harte en wonings skyn. Die Oesinsamelingsveldtog sal die middel wees waardeur die evangelie aan alle volke en nasies en tonge gebring sal word. Dit sal 'n magtige middel in Gods hand word as 'n fase van die lekebeweging en dit sal ook fondse inbring om die evangelie te neem na die paar plekkies waar dit nog nie verkondig is nie. Sal ons in Afrika hierdie jaar nie ons deel getrou en deeglik doen nie?



## Die Onvoltooid Taak

J. N. DE BEER

SEDERT my aankoms in die Kaapse Veld het ek die voorreg gehad om die kerke te Port Elizabeth, Uitenhage, George en al die kerke op die Kaapse Skiereiland te besoek. Dit het my geleentheid verskaf om meer of min vertrou te raak met die toestande en behoeftes in die veld. Dit is baie bemoedigend om te sien wat oor die afgelope paar jaar uitgerig is, maar as mens so oor die veld kyk dan sien jy nog so baie wat moet gedoen word in die kort tydjie voor die genadetyd sluit. Die taak is ver bo menslike mag, maar by God is daar niks onmoontlik nie. „Alles is moontlik vir diegene wat geloof het,” en die tyd wat ons nou bereik het verg gewis van ons nog groter geloof in God en wat Hy kan doen. As ons as 'n volk onself aan Hom sal oorgee en gewillig is om vir die Meester te waag, dan sal die Here wonderbaarlike dinge met ons uitrig deur die Heilige Gees. Ons moet werktuie wees vir gebruik van die Heilige Gees.

Ons lees in Ps. 110:3, „U volk sal baie gewillig wees op die dag van U krygsmag.” Ja, elkeen moet gewillig wees, want daar moet geen pligversakers wees in die leer van Prins Emmanuel nie. Geagte leser, is u 'n kryger in hierdie leer, op wie mens kan reken?

Waar ek saam met die kerke planne beeraam het vir die verskillende fases van die sendingwerk, was ek grootliks bemoedigend om die gees van getrouheid, gewilligheid en ywer te sien wat deur baie lede aan die dag gelê is. Die leesstofbediening herlewe weer in die veld en dit is bevredigend om te verneem dat groot hoeveelhede *Signs of the Times* elke maand deur die kerklede verkoop word. Baie *Signs* en kleinboekies

word ook deur die studente van die Good Hope Opleidingskool verkoop. Daar is drie gereëde kolporteurs in die veld met ons groter boeke, en oor die afgelope paar maande was daar bestellings geneem vir oor die £100 se boeke en meer as £30 se waarde was in die Skiereiland afgelewer. Broeder J. Donaldson, ons assistent Veld-Sendingsekretaris gee goeie leiding en ons sien uit na die ontwikkeling van 'n sterk werk in die Kaapse Veld.

### Oesinsameling

Ons jaarlikse Oesinsamelingsveldtog sal begin Junie 'n aanvang neem. Ons weet almal dat dit ons belangrikste veldtog is, en derhalwe vertrou ek dat al ons mense dit soos een man sal aanpak, en dat almal op tyd sal begin en die werk op tyd sal afsluit met 'n aansienlike surplus. Die leiers van kerke moet in die tussentyd toesien dat hulle alle benodighede op hande het, dat alle nodige maatreëls getref is, en dat die organisasie van die werkers agtermekaar is, sodat daar geen oponthoud kan wees as die tyd vir begin aanbreek nie. Laat ons almal saamwerk, want *een-drag maak mag*.

## Opvoedings Dept.

M. P. Robison, *Sekretaris*

## Die Beginsels van Christelike Opvoeding

G. E. SHANKEL

IN hierdie vierde artikel van die reeks sal ons kortliks let op die grondbeginsels waarop nadruk gelê moet word as ons wil hê dat ons skole aan hul goddelike doel moet beantwoord en hul afsonderlike karakter moet behou. As ons om die een of ander rede hierdie belangrike beginsels sou prys gee dan kan ons net so lief „Ikabod” aan die ingang van al ons inrigtings skryf — groot of klein. As die beginsels van ons skole nie afsonderlik is nie, en nadruk lê op die ontwikkeling van die karakter en ons jongmense voorberei vir die gebeurtenisse wat net voor ons is nie, dan kan ek geen grondige rede sien waarom ons ons die moeite en onkoste moet getroos om ons eie afsonderlike skole te hê nie.

Die belangrikste beginsel wat ons in aanmerking moet neem is dat die werk van opvoeding en die werk van verlossing een werk is. „Die werk van opvoeding en die verlossingswerk is een.”—*„Education,”* bls. 30.

„Opvoeding sal 'n mistukking wees as die verstand nie die waarhede van goddelike openbaring kan vat en die hart nie die leer van die evangelie van Christus aanneem nie.”—*„Counsels to Teachers,”* bls. 12.

„Die vernaamste les in alle opvoeding is om die wil van God te ken en te verstaan.”—*„Great Controversy,”* bls. 447.

As daar een ding meer as iets anders is



waarin ouers belangstel dan is dit die verhouding van hul seuns en dogters tot Christus. Ek mag aan ouers skryf omtrent die sukses van hul kind in die een of ander onderwerp; ek mag praat van die kind se populariteit en sy hulpvaardigheid in verband met die sosiale lewe by die skool, maar as ek die ouers nie verseker van geestelike vooruitgang nie, dan klink al die ander dinge hol. Ek mag verkeerd wees, maar ek sal dit waag om te sê dat negentig persent van die studente op Helderberg daarheen gestuur word nie omdat hulle maties, tale of wetenskap beter kan leer as op Bloemfontein of Salisbury nie, maar sodat daardie bepaalde beginsels by hulle ingeboesem kan word wat in baie lewens die grootste verskil sal maak tussen die ewige dood en die ewige lewe.

Dit is omdat die ewige lewe op die spel is dat ons dit nie kan waag en selfs een van die beginsels van Christelike Opvoeding, soos in die Bybel en die Gees van profesie uiteengesit, in gevaar te bring nie.

Die ander beginsels wat net so belangrik is as die van sedelike en morele opvoeding, sal ons kortliks hieronder aanstip:

1. Die harmonieuse ontwikkeling van die liggaamskragte en die verstandelike vermoëns. Dit beteken die ontwikkeling van liggaam en verstand in gelyke mate. Liggaamlike ontwikkeling sluit in 'n deeglike kennis van fisiologiese en gesondheids-wette, asook gereëde daelike arbeid liever as net blote vermaak.

2. 'n Kennis van praktiese werk soos:

(a) Huishoudkunde en Kookkuns. (*Fundamentals of Christian Education*, page 160.)

(b) Kleremaak.

„Dis vir ons dogters nie so belangrik om die skilderkuns, kunswerk, musiek, maties of retorika te leer as dit vir hulle is om te leer hoe om kiere uit te knip, te maak en heel te maak nie, of hoe om voedsame, smaaklike kos te berei nie.”—(*Fundamentals of Christian Education*),” bls. 74.

(c) Boekhou, houtwerk, landbou, tikskrif en drukwerk word in die Gees van profesie genoem as van praktiese waarde.

3. Die voorrang van die Bybel in ons opvoedingswerk:

„Die Bybel moet beskou word as die allerbelangrikste teksboek.”—(*Fundamentals of Christian Education*),” bls. 231.

„Die hoogste opvoeding word gevind in die Woord van die lewende God.”—(*Fundamentals of Christian Education*),” bls. 532.

„Die Bybel is doeltreffender vir 'n intellektuele opvoeding as al die ander boeke tesame.”—(*Education*),” bls. 123.

Hierdie paar aanhalings, met nog talle van ander in die Gees van profesie beklemtoon die waarheid dat die Bybel ten grondslag lê van alle opvoeding.

Plaasruimte ontbreek om al die grondbeginsels van ons opvoedingswerk te noem. Ons het slegs 'n paar van die belangrikste genoem. Ons veiligheid hang af van getrouheid daaraan. In verband met ons skole lees ons: „Hulle sal heeltemal afson-

derlik wees, en volgens die peil van die Bybel bestuur word.”

Daar is vandag verwarring in die opvoedkundige wêreld. Ons behoort bly te wees vir die duidelike leiding wat aan ons as 'n volk gegee is. Mag ons die moed hê om hierdie beginsels hoog te hou en die belangrikste dinge eerste te plaas.



## Die Belangrikheid van Christelike Onderwys

G. E. SHANKEL

„NIKS is van groter belang as die opvoeding van ons kinders en jongmense nie. Die kerk moet wakker skrik en belang stel in hierdie werk.”—(*Counsels to Teachers*),” bls. 165.

„Sommige plaas opvoeding langs godsdiens, maar ware opvoeding is godsdiens.”—(*Counsels to Teachers*),” bls. 108.

„Die kerk is aan die slaap en besef nie die grootheid van die taak om die kinders te plaas waar hulle die seëninge en voorregte van 'n opvoeding in ons skole kan geniet nie.”—(*Counsels to Teachers*),” bls. 43, 44.

„Daar is geen belangriker werk as die opvoeding van ons kinders nie.”—(*Fundamentals of Christian Education*),” bls. 89.

Hierdie kort uittreksels uit die Gees van profesie lê nadruk op die belangrikheid van Christelike Onderwys.

Daar is 'n ware gesegde, maar een wat dikwels uit die oog verloor word, n.l., dat 'n man is wat sy opvoeding hom maak. Dit is 'n duidelike voorbeeld van die gesegde dat mens nie vye van distels pluk nie.

Twee gesinne word langsmekaar groot, in dieselfde kerk en onder dieselfde omstandighede. In die geval van die een huisgesin bring elke kind 'n aantal jare in ons skool deur, hulle graueer almal en kry aanstellings in ons werk, of word pilare in hul plaaslike kerk.

Die ouers van die ander gesin stel meer belang in geld. Hulle is nie gewillig om op te offer nie. Die kinders sien ons skool nooit. Eindelik trou hulle en raak geestelik aan die slaap. Sommige trou met ongelowiges. Maar waarom sal ek verder uitwei. Is dit sommer 'n denkbeeldige geval? Nee, glad nie, dit is gevalle wat ek self beleef het, en wat dikwels voorkom.

Die kerke wat goedbygewoonde kerk-skole het, sal van vyftig tot vyf-en-sewentig persent van hul jongmense behou.

Christelike onderwys is nie 'n lastige byvoegsel tot die kerk nie. Dis een van die vernaamste pilare en verhoed dat so baie by die agterdeur uitglip—iets wat leed veroorsaak in vele kerke.

„Veel wat hul kinders na ons skole stuur, sal kwaai versoekings moet verduur omdat hulle verlang dat hulle kinders die opvoeding moet kry wat die wêreld as onontbeerlik beskou. Diegene wat 'n wêreldlike opvoeding as onontbeerlik beskou maak 'n groot fout. . . . Aan diegene wat voel dat hul kinders die opvoeding moet kry wat die wêreld as onontbeerlik beskou wil

ek sê, bring u kinders na die eenvoud van die Woord van God, en hulle sal veilig wees. Diegene wat die opvoeding soek wat die wêreld so baie van dink, dwaal stadig al verder en verder af van die grondbeginsels van die waarheid totdat hulle later geleerde wêreldlinge word.”—(*Fundamentals of Christian Education*),” bls. 535, 536.

Hierdie woorde skilder vir ons 'n prentjie wat maar te dikwels gesien word. Dit is 'n betreuenswaardige prentjie, want dikwels gaan die slagoffer gebuk onder die superioriteit van sy opvoeding.

Herhaaldelik word ons as onderwysers vermaan om ons studente voor te berei vir die groot storm wat op die aarde gaan losbreek. En die tyd is gewis nie meer ver nie wanneer die moed om pal te staan die enigste ding sal wees wat saak maak. Alle ander dinge sal dan nietig wees. Soos nooit tevore nie moet ons vandag sake reg waardeer en die dinge kies wat werklik saak maak.

Daar is in die werk van die Here gedurig openinge vir toegewyde jongmense. Ons eie ewige toekoms verg dit dat ons as jongmense in die beste omgewing geplaa moet word vir die ontwikkeling van ons geestelike lewe.

## S. O. A. Unie

H. M. Sparrow — Superintendent  
Mej. G. P. Fortner — Sekr.-Tes.  
Bus 51, Blantyre, Niasaland

## Hoe Jim Deur die Here Gebruik is

W. L. DAVY

Die Here open werk in hierdie land op 'n wonderbaarlike manier deur die natuurlike self. Jim was 'n student in die Malamulo Sending Opleidingsinrigting. Hy was skrandere en ons het gehoop dat hy 'n werker sou word, maar hy het wat ons noem die „geldsug” gekry en besluit dat hy meer geld as handelaar kon maak as om onderwyser of predikant te word. Derhalwe is Jim een mooi dag van die Sending af weg om te gaan geldmaak. Hy het tot by Mombassa aan die kus gegaan, maar het gevind dat hoewel hy geld gemaak het sy siel maer geword het. Hy het nie geweet wat om te doen nie. Daar het hy Broeder Bull van Engeland ontmoet, wat in bevel is van ons sendingwerk in daardie streek. Broeder Bull het Jim aangeraai om sy opvoeding te voltooi en dan in die werk te gaan. Jim het dit gedoen, maar het nie sukses in sy werk gehad nie weens die voordeel van die stamme aldaar, en hy was aangeraai om terug te keer na Nyasaland. Hy het dit gedoen en met sy vrou in die Zomba distrik gaan woon. Hy het die boodskap daar begin preek. Ek was destyds op Matandani Sending, en Zomba, waar Jim werksaam

was, was onder my toesig, maar ons het niks van Jim se werksaamhede geweet nie. Yolam, die kolporteur op Matandani het gekla dat hy geen boeke kon verkoop nie omdat die natuurlike daar geen geld gehad het nie. Hy het gesê: „Ek loop van vyftien tot twintig myl om 'n boek te verkoop, en as die boek eindelijk verkoop is sê die koper, „Ek het nie geld nie, maar ek sal u sestig pond boontjies gee.” En dan moet ek terug loop na die sending met die sestig pond boontjies op my kop. Dit neem my dus drie dae om 'n boek van drie sie-linge te verkoop. Hoe kan ek op hierdie manier 'n bestaan maak?” Ek het toe na Malamulo gestuur vir Ce Division, een van ons beste kolporteurs om te sien wat hy kon doen. Division het gekom, en hy en Yolam is daar weg met £5 se boeke.

Vir twee maande het ek niks van hulle gehoor nie. Hulle het probeer om die boeke naby die sendingstasie te verkoop en het gevind dat wat Yolam vertel het heeltemal waar was. Hy het toe aan Division gesê, „laat ons die boeke terugneem na die sending en die leraar alles daarvan vertel.” Division het geantwoord, „Ek het nog nooit boeke teruggeneem nie, en gaan dit ook nie nou doen nie. Laat ons na Zomba gaan, dit is maar net negentig myl hiervandaan, en laat ons die boeke daar verkoop; dit is die hoofstid en daar is baie natuurlike wat vir die wilmense werk.” Hulle is daarop na Zomba en daar het hulle al die boeke verkoop. Een van die kopers het aan hulle gesê: „daar is 'n man vyf-en-twintig myl hiervandaan, wat dieselfde boodskap verkondig wat in die boeke staan; julle behoort hom te gaan besoek.” Hulle het gegaan en vyf weke vir Jim gebly en hom gehelp. Daar was groot belangstelling in daardie distrik opgewek, en later het Leraar Nash en ek daar agt-en-twintig siele gedoop. Daar was omtrent 800 toeskouers by die doopdiens. Later het hulle gevra om skole, en ek is bly om te sê dat toe ek in 1935 op verlof na Amerika is, was daar vyf skole gestig. Wat later gebeur het weet ek nie, maar die Here maak gewis die weg voor ons oop sodat Sy werk in die wêreld vol-eindig kan word.

## N. T. Konferensie

A. N. Ingle ..... *President*

P. W. Willmore ..... *Sekr.-Tes.*

*Bus 7768, Johannesburg, Tvl.*

### Kennisgewing

DIE Natal-Transvaal Konferensie het hul kantoor verplaas van Bloemfontein na Johannesburg. Neem asseblief kennis van die volgende feite:

#### 1. Kantooradres:

Nos. 77-78 Marlborough House,  
Tweede Verdieping,  
No. 58 Eloffstraat,  
Johannesburg, Tvl.

#### 2. Pos Adres:

Posbus 7768,  
Johannesburg, Tvl.

#### 3. Telegramme:

„Natracon,”  
Johannesburg, Tvl.

#### 4. Telefoon: 22-4292.

5. Alle gelde wat namens die konferensie gebank word moet na die Commissionerstraat Tak van die Standard Bank van Suid-Afrika oorgeplaas word.

6. Geld vir boeke moet aan die „Religious Book Depository” gestuur word, en geld wat namens die „Depository” gebank word moet oorgeplaas word na die Commissionerstraat Tak van die Standard Bank, Johannesburg.

Let asseblief op dat alle briewe ens., aan die Natal-Transvaal Konferensie nie langer na Bloemfontein nie, maar na Posbus 7768, Johannesburg, gedresseer moet word—dit is baie belangrik.



## Nuus van die Kaapse Konferensie

W. H. HURLLOW

DAAR kom bemoedigende berigte aangaande die pogings wat in die Kaapse Konferensie gehou word. In Cradock waar Broeder S. S. Hiten werksaam is, is daar groot belangstelling en daar is nou 'n Sabbatskool gestig. Broeder H. Ficker het goeie opkomste gehad op Beaufort Wes, maar moes ook baie plaaslike teenstand verduur. Dog ten spyte van die opposisie hou hy nou Sabbatdienste en het ook 'n Sabbatskool gestig. Laat ons almal saam die Vader bid om krag en genade vir hierdie evangeliste en hul helpers waar hulle die klein kuddejtjies voed wat aan hulle toevertrou is. Bid ook vir die nuwe gelowiges dat die teenstand wat hulle ondervind daartoe mag bydra om hulle in die geloof te versterk.

Ek het onlangs die kerke op die Skiereiland besoek en gevind dat hulle goedsmoeds is en saamwerk om die waarheid in hul terrein te versprei.

Op Vredendal is daar 'n goeie gees in die kerk, en die lede is besig om saam te werk met die doel om 'n heiligdom op te rig vir die Here sodat Hy onder hulle kan woon.

Leraar Le Butt en ek het die gelowiges op Taungs besoek. Broeder Le Butt het die Sabbat daar oorgebly vir die Nagmaal, terwyl Broeder Palvie en ek die lede in die Kurumanse distrik besoek het. Dit was 'n groot seën om die gelowiges daar te ontmoet wat, hoewel hulle ver weg is van ander geloofsgenote, die fakkels van die waarheid brandende hou. Dit het ons groot vreugde gegee om Broeder Willem van Druten en sy eggenote te doop. Broeder van Druten is 'n seun van een van die ou baanbrekers wyle Broeder George van Druten.

Leraar D. F. Tarr het onlangs die Aliwal Noord kerk besoek en Nagmaal daar gehou.

Leraar W. L. Hyatt is besig om sy werk

klaar te maak op Oos Londen, waar hy onlangs ses nuwe lede gedoop het. Hy sorg ook vir die kerk te Kingwilliamstown.

Broeder A. Boekhout is nog op Kimberley en in die distrik werksaam. Hy het ook die Natal-Transvaal Konferensie bygestaan deur die groep op Christiana te besoek.

Mej. P. E. Willmore, die konferensie tesourier, het die kerke op Kimberley, Grahamstad en Langkloof besoek en die kerkboeke op daardie plekke nagegaan.

Broeder Pike, die veld-sendingsekretaris, het verskeie weke in die veld deurgebring waar hy die getroue kolporteurs bemoedig en gehelp het. Hy rapporteer dat die lede van die leesstofbediening volmoed is.

Ons is bly om u mee te deel dat ons ou baanbrekerwerker—Leraar S. G. Hiten, stadig op weg is om gesond te word. Hy is op die oomblik op Cradock by sy seun. Hy is van plan om eerlank na die warmbronne op Aliwal Noord te gaan, en ons hoop dat hy daar volkome gesondheid sal vind.

Suster Franklin Staples van Rokeby Park en Suster Henley van Peddie het albei onlangs operasies te Port Elizabeth ondergaan. Ons is bly om te sê dat albei weer tuis is en baie beter is. Ons het berig ontvang dat Suster Stals van Miller ook siek is. Ons kan haar verseker van ons simpatie en ons gebede.

Ons het almal 'n sug van verligting geslaak toe ons eindelijk tot rus gekom het in ons nuwe kantore te Port Elizabeth, waar ons nou tot u diens is.



## Die Langkloof Kerk

VERGESEL van die konferensie sekretaris-tesourier en Mev. Hurlow, die konferensie Sabbatskool-sekretaris, het ek die Langkloofse kerk besoek gedurende die naweek, 17-19 April. Die gemeente aldaar staan onder leiding van Broeder M. J. L. Kritzinger; hulle is baie gelukkig en wil graag die waarheid versprei onder hul bure. Ons het nou net 'n kolporteur-evangelis in hierdie streek geplaas en sien uit na 'n goeie oes van siele.



## Geroep om Getuies te Wees

„Die belangrikste waarhede wat nog ooit aan sterfinge toevertrou was, is aan ons gegee om aan die wêreld te verkondig. Die verkondiging van hierdie waarhede moet ons werk wees. Die wêreld moet gewaarsku word, en Gods kinders moet getrou wees in hul opgelegde taak. . . . Christus sê van Sy kinders: „Julle is die lig van die wêreld.” Matt. 5:14. Dit is nie 'n geringe taak dat die raad en plene van God so duidelik aan ons geopenbaar is nie. Dit is 'n wonderbaarlike voorreg om in staat te wees om die wil van God te verstaan soos dit in die profetiese Woord, wat baie vas is, geopenbaar is.”—„*Testimonies*,” Deel IX.

### Helderberg College News

A BONNIE daughter was born to Mr. and Mrs. W. F. Tarr on Friday, May 1. We have not heard her name as yet.

A BANK of post office boxes is being installed at present so that in future each teacher will have a private box.

GROUPS of students and teachers attended piano concerts by Moiseiwitsch both at Cape Town and at Stellenbosch. One student was heard to remark that it was worth £30.

THE school orchestra, under the able direction of Miss Scheublé, treated the students to a very well-rendered programme on a recent Sunday evening. This ten instrument orchestra adds greatly to the musical life of the school.

### General News

DR. C. PAUL BRINGLE, accompanied by his wife and two children, arrived on the R. M. S. "Carnarvon Castle" from England on May 4. Dr. Bringle is under appointment to the Zambesi Union and left for that field by car on Sunday, May 10.

BROTHER AND SISTER W. L. DAVY, who have recently returned from their overseas furlough, which was spent in America, left by car for Nyasaland on May 5.

PASTOR AND MRS. C. ROBISON left Cape Town on May 1 on the "Guilio Cesare" for England where they will spend their furlough with their relatives.

DR. A. N. TONGE visited the Cape recently and sorted out various medical equipment which will be needed at the new Sophiatown Hospital, in Johannesburg.

Will anyone knowing the present address of the following persons, kindly communicate with the Cape Conference of Seventh-day Adventists, P. O. Box 508, Port Elizabeth:

Mr. C. J. Swartz.  
Mrs. A. J. Truter.  
Mrs. Hannah Westraad.  
Mrs. F. Steenkamp.

### Notice

CUSHIONS AND PAINTINGS.—Specialist in designing cushions of all types. Will offer suggestions for decorative schemes. The cushions are definitely uncommon, and according to material they vary in price from 15/6 to 30/-. Most suitable for wedding gifts. Photographic paintings are from 15/6 to £1-1-0, depending on size, and number on one photo. Orders will be greatly appreciated. Apply, Gwen Iverach, 16, Currie Street, Oaklands, Johannesburg, Tvl. Telephone 45-2554.

### Wanted

SEVENTH-DAY ADVENTIST to learn painting trade. Apply: Walter E. Sates, 19 Lambert Street, Pietermaritzburg, Natal.

FOR COUNTRY. General all round help. Adventist girl. State age, experience, disposition, and salary required. Also why left last place. Apply, B. A. P., OUTLOOK Office, Grove Avenue, Claremont, C. P.

COMPOSITOR, must be bilingual, good display hand and have knowledge of machinery. State age, experience, etc. Seventh-day Adventist preferred. Apply: Modern Printers, Box 130, Vereeniging, Tvl.

### Wanted Immediately

MANAGER for Citrus Farm; must be competent to take full charge—packhouse, fumigating, etc. Free house and usual farm privileges. State qualifications and salary required.—Apply, O. F. Staples, P. O. Langholm, Via Grahamstown, C. P.

### Canvassers Wanted

CONSECRATED young church members, willing to go into the literature ministry. Communicate with the Natal-Transvaal Conference office, P. O. Box 7768, Johannesburg, Tvl.

## YOUNG PEOPLE, NOTE!

At the time of the camp-meeting in January our people who attended were granted camp-meeting discounts. We still have a number of good books, which we are willing to supply at camp-meeting rates to those who wish to avail themselves of this offer during the next month. Note the following:

Book	Usual Rate Postage Paid	Special Rate Postage Paid
My Garden Neighbours .....	6/-	5/6
Fruit From the Jungle .....	5/-	4/6
In the Land of the Incas .....	5/-	4/6
Isles of Opportunity .....	6/-	5/6
In the Land of the Pagodas .....	6/-	5/6
Out of the Dark .....	6/-	5/6
Choma .....	6/-	5/6
Cannibals and Headhunters .....	7/-	6/3
Pioneering in the Neglected Continent .....	6/-	5/6
Hands Around the World .....	5/-	4/6
Karoda .....	6/-	5/6
Advance Guard of Missions .....	5/-	4/6
Jungle Babies .....	6/-	5/6
God in the Slums .....	6/-	5/6
Manana Land .....	3/6	3/-
With Our Missionaries in China .....	5/-	4/6

Order From  
**THE RELIGIOUS BOOK DEPOSITORY**  
P. O. BOX 508  
PORT ELIZABETH

"FELLOW Christian, Satan knows your weakness; therefore cling to Jesus. Abiding in God's love, you may stand every test. The righteousness of Christ alone can give you power to stem the tide of evil that is sweeping over the world. Bring faith into your experience. Faith lightens every burden, relieves every weariness. Providences that are now mysterious you may solve by continued trust in God. Walk by faith in the path He marks out. Trials will come: but go forward. This will strengthen your faith, and fit you for service."

### African Division Outlook

*Published semi-monthly by the*  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON ..... Editor  
D. A. WEBSTER ..... Asst. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright ..... President.  
A. E. Nelson ..... Treas. and Auditor  
M. P. Robison ..... Secy. and Ed. Secy.  
L. L. Moffitt ..... M. V. Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge ..... Medical Secy.  
F. E. Potter ..... H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison ..... Religious Liberty Secy

# Harvest Ingathering 1936

## Ladder of Progress

Amount	Cape Conference	Natal-Tvl. Conference	South Bantu M. Field	North Bantu M. Field	Cape Field
£3,000					
2,900					
2,750					
2,600					
2,450					
2,300					
2,150					
2,000					
1,900					
1,750					
1,600					
1,450					
1,300					
1,150					
1,000					
900					
800					
700					
600					
500					
400					
300					
200					
150					
100					
75					
50					
25					
<b>SOUTH AFRICAN UNION</b>					
<b>Total to Date £</b>					

### Ingathering Device

IN this issue of the OUTLOOK we give you an insight into the device that will operate throughout the 1936 Ingathering campaign.

It is called the "Harvest Ingathering Ladder of Progress." Watch the various columns in this device in future issues and note the progress being made by each field. It remains to be seen which field will be first in reaching its goal, and how far up this ladder each field will succeed in climbing.



### My Ingathering Message

F. E. POTTER

WITH the success of the 1935 campaign still fresh in memory, I can write to the field, on the eve of this year's campaign, with a light heart.

That the 1935 spirit will be evidenced again is to me a certainty, and so I feel no urge to press the claims of this important campaign to the notice of our people.

I am sure, though writing these lines five thousand miles away, that even a larger percentage of our people will volunteer for service than was the case last year, and that their zeal and perseverance will be as keen and as lasting.

To the old war-horse the smell of battle is sweet incense and so, after actual engagement in eleven campaigns, I very much regret the fact that I am unable to share the excitement and the joy of campaigning with you this year.

However, you may be sure I shall follow your progress with keen interest and rejoice over your successes, while daily my prayers will petition our heavenly Commander on your behalf.

The Division has provided you with the best material available, of which supplies will reach you in good time. You have tried and trusted leaders in your respective fields to inspire and guide you. Success, therefore, already casts its bright shadow ahead and will be a glorious reality within six weeks if *you*, my brother, and *you*, my sister, and you young soldiers of the Missionary Volunteer army will just go in and possess the land and be of good courage.

That you will do this for the Master's sake is my earnest belief, and with that comforting thought I turn the campaign over to you. May the self-denial, the courage, and the love of Jesus of Nazareth be both your inspiration and your strength.



"You say you do not always know just what a Christian should do. God knows; just ask Him."



"TIME is short, and our forces must be organised to do a larger work."

**HARVEST INGATHERING CAMPAIGN, MAY 30 TO JULY 11**